HOOFSTUK 20: VOORTREKKERKOMMANDO'S

1. INLEIDING

1.1 Voortrekkerkommando's word gestig ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 19 van die reglemente en geregistreer.

1.2 Die gebiedsbestuur bepaal op advies van die oordbestuur en na oorlegpleging met aangrensende kommando's die grense en werwingsgebied van 'n Voortrekkerkommando. Die gebiedsbestuur mag hierdie taak na goeddunke aan 'n oordbestuur delegeer.

2. ALGEMENE BEPALINGS

2.1 'n *Jaarvergadering, 'n kommandobestuur* en 'n *kommandodagbestuur* is bestuursliggame.

2.2 'n Gebiedsbestuur groepeer Voortrekkerkommando's binne die betrokke gebied in oorde op 'n basis soos beskryf in hoofstuk 22.

3. DIE JAARVERGADERING

3.1 Inleiding

Die jaarvergadering van 'n Voortrekkerkommando is die hoogste gesagsliggaam van 'n kommando en is verantwoordelik vir die werksaamhede van die kommando.

3.2 Tydstip wanneer die jaarvergadering gehou word

3.2.1 Elke kommando moet ten minste een jaarvergadering per jaar hou.

3.2.2 Die grondwet bevat geen voorskrifte oor die tydstip wanneer dit moet plaasvind nie. Die vergadering kan dus aan die einde van die jaar (prakties: middel Oktober tot einde November) of aan die begin van 'n jaar (prakties: middel Januarie tot einde Februarie) gehou word, afhangende van plaaslike omstandighede.

3.3 Samestelling

Die jaarvergadering bestaan uit:

3.3.1 Die kommandodagbestuur

3.3.2 Die offisiersraad

3.3.3 Ouers van jeuglede

3.3.4 Ander belanghebbendes in die gemeenskap

3.4 Vergaderingreëlings

3.4.1 Oproep

Die oproep na 'n jaarvergadering geskied deur die adjunkkommandoleier [administrasie] volgens die bepalings in hoofstuk 18 van die reglemente.

3.4.2 Ampsdraers

Die kommandoleier tree as voorsitter en die adjunkkommandoleier [administrasie] as sekretaris van die jaarvergadering op.

3.4.3 Sakelys

Die sakelys moet minstens die volgende insluit:

a) skriftelike verslae oor die afgelope jaar
b) finansiële verslag
c) aanwysing van heemraadslede.

3.4.4 Konstituering

Die aanwesige persone vorm 'n kworum.

3.4.5 Notule

Die notule van die jaarvergadering word deur die kommandobestuur hanteer soos in hoofstuk 18 van die reglemente bepaal.

3.5 Magte, pligte en werksaamhede

Die jaarvergadering verrig verder die werksaamhede soos vervat in artikel 22.8.3 van die grondwet.

4. DIE KOMMANDOBESTUUR

4.1 Inleiding

Die kommandobestuur van 'n Voortrekkerkommando is die gesagsliggaam van 'n kommando wat verantwoordelik is vir die jaarprogram en die uitvoering daarvan.

4.2 Tydstip waarop die kommandobestuur sit

Die kommandobestuur vergader ten minste een keer per kwartaal.

4.3 Samestelling

Die kommandobestuur bestaan uit:

4.3.1 die offisiersraad insluitende die kommandodagbestuur;

4.3.2 die heemraadslede;

4.3.3 die hoofgroepleier en groepleiers van die staatmakers (van kommando's met staatmakers);

4.3.4 die kommandojeugleiers.

4.4 Vergaderingreëlings

4.4.1 Oproep

Die oproep na 'n jaarvergadering geskied deur die adjunkkommandoleier [administrasie] volgens die bepalings in hoofstuk 18 van die reglemente.

4.4.2 Ampsdraers

Die kommandoleier tree as voorsitter en die adjunkkommandoleier [administrasie] tree as sekretaris van die kommandobestuur op.

4.4.3 Sakelys

Die sakelys moet minstens die volgende insluit:

a) verkiesing van die kommandodagbestuur elke twee jaar op die tydstip wat die betrokke gebiedsdagbestuur bepaal sodat die nuwe kommandodagbestuur van die begin van die betrokke jaar kan begin funksioneer;
b) benoeming van die veldkornette;
c) jaarprogram (sake afgehandel en sake wat nog in die vooruitsig gestel word);
d) omsendbriewe;
e) volwasse opleiding.

4.4.4 Konstituering

‘n Gewone meerderheid van die lede van die kommandobestuur vorm 'n kworum tydens 'n vergadering.

4.5 Magte, pligte en werksaamhede

Die kommandobestuur verrig die take soos in die Grondwet, artikel 22.6.2 aan hom opgedra.

5. DIE KOMMANDODAGBESTUUR

5.1 Samestelling

Die kommandodagbestuur bestaan uit:

5.1.1 die kommandoleier;

5.1.2 die adjunkkommandoleier [administrasie];

5.1.3 die adjunkkommandoleier [finansies], indien so besluit deur kommandobestuur;

5.1.4 een of meer adjunkkommandoleiers volgens besluit van kommandobestuur.

5.1.5 'n Persoon/persone kan ook op die kommandodagbestuur aangestel word, gesalarieer of nie, om ‘n goed gedefinieerde taak (bv. Finansies, administrasie, ensovoorts) te vervul. Die aangestelde persoon/persone kan in die kommandodagbestuur optree met spreekreg maar nie stemreg nie. Die aanstelling van die persoon/persone raak egter nie die normale bestuursposte soos uiteengesit in die grondwet en reglemente nie. Die aangestelde persoon/persone se dienste kan te enige op ‘n redelike wyse beëindig word en daar word geen tydperk van aanstelling aan gekoppel nie.

5.2 Verkiesing

5.2.1 Die verkiesing vind tweejaarliks op 'n kommandobestuursvergadering plaas.

5.2.2 Enige lid van die kommandobestuur kan 'n persoon nomineer.

5.2.3 'n Verkiesing word gehou ooreenkomstig die prosedure soos uiteengesit in hoofstuk 18 van die reglemente.

5.3 Dienstermyn

Die dienstermyn van 'n kommandobestuur is twee jaar vanaf die einde van die jaar waarin die kongres plaasgevind het of aan die begin van die jaar wat daarop volg.

5.4 Vergaderings

5.4.1 Die kommandodagbestuur vergader ten minste een keer per kwartaal.

5.4.2 Die oproep na 'n vergadering van die kommandodagbestuur geskied deur die adjunk-kommandoleier [administrasie] volgens die bepalings in hoofstuk 18 van die reglemente.

5.4.3 Die kommandoleier tree as voorsitter en die adjunkkommandoleier [administrasie] tree as sekretaris van die kommandodagbestuur op.

5.4.4 'n Gewone meerderheid van die lede van die kommandodagbestuur vorm 'n kworum tydens 'n vergadering.

5.4.5 Die sakelys moet minstens die volgende insluit:

a) jaarprogram (sake afgehandel en sake wat nog moet plaasvind);
b) finansiële verslag en
c) omsendbriewe.

5.5 Magte, pligte en werksaamhede van die kommandodagbestuur

5.5.1 Die kommandoleier:

a) neem leiding in die bestuur van die kommando.
b) tree op as voorsitter van die volgende vergaderings binne kommandoverband: jaarvergadering, kommandobestuur, kommandodagbestuur en offisiersraad.
c) inisieer aksies om die Voortrekkerbeeld in die gemeenskap uit te bou.
d) doen werwing van lede.
e) tree op as verteenwoordiger van die kommando wanneer met buite-instansies in die gemeenskap geskakel word. Die kommandobestuur kan goedskiks ook 'n ander offisier benoem om as gereelde verteenwoordiger op 'n gemeenskaps-organisasie te dien.
f) is aanspreeklik vir die sekretariële take binne die kommando en sien toe dat be-hoorlike notules gehou word, dat dokumente bewaar word en dat die kommando-argief deur 'n uittredende sekretaris aan sy opvolger oorhandig word.
g) is aanspreeklik vir die kommando se finansies en medeverantwoordelik vir die hantering daarvan in ooreenstemming met hoofstuk 14 van die reglemente. Hy vergewis hom jaarliks van die geouditeerde finansiële verslag en onderteken dit voor voorlegging aan die kommandobestuur en jaarvergadering.
h) sien toe dat uitvoering gegee word aan die opdragte van die kongres, hoofbestuur, gebiedsbestuur, oordbestuur, kommandobestuur en offisiersraad.
i) kom met die adjunkkommandoleiers ooreen oor 'n werkverdeling.

5.5.2 Die adjunkkommandoleier [administrasie]

a) is verantwoordelikheid vir die hantering/behandeling/afhandeling/koördinering van die ondergenoemde sake:
i. Gebiedsomsendbriewe.
ii. Inskrywings vir gebieds- en ander kampe.
iii. Aansoekvorms vir die silwer en goue voorjukke en spesiale toekennings.
iv. Byhou van loopbaanrekordkaarte vir jeuglede en volwasse lede.
v. Inskrywings vir voorslag toekenning vir penkoppe en drawwertjie .
vi. Inskrywings vir hoofleierswag- en presidentVerkennertoetsing.
vii. Briefwisseling.
b) is aanspreeklik vir alle korrespondensie. Alle korrespondensie moet deur hom na die streek, oord of gebied gaan. Alle korrespondensie aan die hoofbestuur behalwe uitnodigings moet na die adjunkgebiedsleier [administrasie] gaan wat dit verder voer. Alle korrespondensie moet onmiddellik aandag geniet en op die volgende vergadering behandel word.
c) tree op as sekretaris van die volgende vergaderings binne kommandoverband: jaarvergadering, kommandobestuur, kommandodagbestuur en offisiersraad. Dit sluit onder andere in die oproep na die vergadering, die opstel van die sakelys, die afneem en skryf van die notule en die korrespondensie na afloop van die ver-gadering.
d) is verantwoordelik vir die opstel van die kommandojaarverslag en opgaafvorm in oorleg met ander lede van die kommandodagbestuur.
e) is verantwoordelik vir die registrasie van alle lede van die kommando.

f) wanneer die kommando nie 'n adjunkkommandoleier [finansies] het nie vervul die adjunkkommandoleier [administrasie] ook die pligte van 'n penningmeester of todat ‘n persoon daarvoor aangewys is.

5.5.3 Die adjunkkommandoleiers

a) Een van die adjunkkommandoleiers staan die kommandoleier by in die uitvoering van sy pligte, insonderheid die take waarop in die werksverdeling ooreengekom is.
b) Een adjunkkommandoleier is die sekundus van die kommandoleier in al die gevalle waar die kommandobestuur nie uitdruklik 'n ander sekundus aanwys nie op voorwaarde dat sodanige aanwysing nie teenstrydig is met die grondwet en reglemente nie.
c) Een van die adjunkkommandoleiers is verantwoordelik vir die indiensopleiding en motivering van die volwasse lede.
d) Een van die adjunkkommandoleier is verantwoordelik vir die koördinering van die jeugvriendaksies.
e) Elke offisier en staatmaker wat op 'n dagbestuur van 'n bestuursliggaam op oord-, gebieds- en hoofbestuursvlak dien, vervul ook die posisie van 'n addisionele adjunkkommandoleier in die kommando waar hy geregistreer is. Sodanige offisiere en staatmakers het egter nie stemreg op kommandodagbestuursvergaderings nie, maar wel op kommandobestuursvergaderings.

5.5.4 Die adjunkkommandoleier [finansies]

a) Die adjunkkommandoleier [finansies] bestuur die finansies en bates van die kommando.
b) Die adjunkkommandoleier [finansies] doen op elke kommandobestuursvergadering verslag oor die stand van sake van die kommando se bates.
c) Die adjunkkommandoleier [finansies] maak die boeke van die kommando te eniger tyd toeganklik vir die lede van die kommandobestuur.
d) Wanneer die adjunkkommandoleier [finansies] uittree of bedank moet alle bates en die finansiële boeke binne dertig dae aan die opvolgende adjunkkommandoleier [finansies] oorhandig word of aan die penningmeester aangewys in teenwoordigheid van die kommandoleier of aan die kommandoleier self. Die uittredende adjunkkommandoleier [finansies] moet 'n ontvangsbewys vir alles wat so oorhandig is kry en 'n afskrif daarvan vorm deel van die kommandoargief.

6. DIE OFFISIERSRAAD

6.1 Samestelling

Al die offisiere wat by 'n kommamdo geregistreer is vorm die offisiersraad van die kommando.

6.2 Vergaderings

6.2.1 Die offisiersraad vergader ten minste een keer per kwartaal saam met die Kommandobestuur of afsonderlik soos verkies.

6.2.2 Die oproep na 'n vergadering van die offisiersraad geskied deur die adjunkkommandoleier [administrasie] volgens die bepalings in hoofstuk 18 van die reglemente.

6.2.3 Die kommandoleier tree op as voorsitter en die adjunkkommandoleier [administrasie] tree as sekretaris van die offisiersraad op.

6.2.4 'n Gewone meerderheid van die lede van die offisiersraad vorm 'n kworum tydens 'n vergadering.

6.2.6 Die sakelys moet minstens die volgende insluit:

a) graadwielwerk;
b) spesialisasies;
c) offisiersopleiding;
d) uitvoering van jaarprogram;
e) omsendbriewe.

6.3 Magte, pligte en werksaamhede van die offisiere in die kommando, uitgesonderd die dagbestuur

6.3.1 Die veldkornet

a) Die veldkornet is daarvoor verantwoordelik dat 'n hoë standaard van Voortrekkerwerk in die veldkornetskap gehandhaaf word:

Hy sien toe dat elke span die regte werk vir die jaar doen volgens 'n vooraf opgestelde program.
Hy sien toe dat elke span se graadwieltoetsing op standaard is.
Hy sien toe dat alle spanwerk insluitende spesialisasies gekontroleer word.
Hy sien toe dat spanadministrasie op datum is.

b) Die veldkornet is mede-verantwoordelik vir voorligting aan en indiensopleiding van offisiere.
c) Die veldkornet help om geskikte spanoffisiere te werf.
d) Die veldkornet adviseer die kommandodagbestuur oor die aanwysing van geskikte toetsoffisiere vir graadwielwerk en spesialisasies.
e) Die veldkornet koördineer die aktiwiteite van die veldkornetskap.
f) Die pligte van ‘n veldkornet kan ook aan ‘n adjunkkommandoleier vir ‘n bepaalde jeuggroep oorgedra word.

6.3.2 Die spanoffisier

a) Die spanoffisier is daarvoor verantwoordelik dat spanvergaderings volgens 'n vooraf opgestelde jaarprogram verloop.
b) Die spanoffisier moet graadwiel- en spesialisasies volgens die vereiste standaard afhandel.
c) Die spanoffisier reël vir kundiges (ook jeugvriende) om hom by te staan met aspekte van graadwielwerk of spesialisasies en ook om so ouers en buite-persone by *Die Voortrekkers* te betrek.

6.3.3 Ander

a) Die kommando kan ‘n predikant gebruik om na die geestelike behoeftes van die kommando om te sien en dra ten minste die rang van veldkornet.
b) Die kommando kan ‘n mediese dokter gebruik om na die gesondheidsbehoeftes van die kommando om te sien tydens aktiwiteite en dra ten minste die rang van veldkornet.

7 KOMMANDOJEUGRAAD

Die samestelling en werkingswyse van ‘n kommandojeugraad word in hoofstuk 5 van die reglemente omskryf.

8. WERKSAAMHEDE VAN 'N VOORTREKKERKOMMANDO

8.1 Inleiding

Die kommandobestuur van 'n kommando is aanspreeklik om die ondergenoemde werksaamhede in die kommando te laat plaasvind met inagneming van die pligte van die ampsdraers en bestuursliggame in die kommando soos bepaal in artikels 7 en 8 van hierdie hoofstuk.

8.2 Lede

8.2.1 Werwing van lede

Die kommandobestuur werf lede wat aan die toelatingsvereistes voldoen.

8.2.2 Registrasie van lede

a) Die kommandobestuur sien toe dat alle lede geregistreer word wanneer hulle aan die voorgeskrewe vereistes voldoen soos in hoofstuk 3 van die reglemente bepaal.
b) Volwasse lede wat aan meer as een kommando verbonde is, registreer by elke kommando maar betaal slegs ledegeld by die kommando waar hy die hoogste rang dra. Hy is ook slegs by die kommando stemgeregtig tov Oord- en Gebiedsleier verkiesing.
c) Reeds geregistreerde lede wat van een kommando na 'n ander verhuis, word op die voorgeskrewe wyse opnuut by die nuwe kommando op register geplaas.

8.2.3. Inlywing

Die kommandobestuur sien toe dat alle lede ingelyf word nadat hulle aan die voorgeskrewe vereistes voldoen.

8.2.4 Rekordhouding

a) Die kommandobestuur hou rekord van elke lid, insluitende uitgetrede lede.
b) Die adjunkkommandoleier [administrasie] werk die rekords van lede jaarliks na die afsluitingsfunksie by.

c) Wanneer 'n lid uittree, word die datum en rede vir uittrede aangeteken op die betrokke vorm en tesame met die bygewerkte rekord aan die adjunkgebiedsleier [administrasie] gestuur vir deregistrasie.

8.3 Offisiere

8.3.1 Elke offisier bly aanspreeklik vir die toerusting, dokumente of enige ander bate wat aan hom toevertrou is totdat dit amptelik aan iemand anders oorhandig is. Dit geld al sou die persoon nie meer 'n lid van *Die Voortrekkers* wees nie.

8.3.2 Elke offisier wat as 'n funksionaris verkies word dien vir die termyn waarvoor hy verkies is. Na verstryking van die termyn is hy herkiesbaar.

8.3.3 Verskillende offisiere vervul verskillende funksies in 'n kommando.

8.4 Jeuglede

8.4.1 Spanindeling

a) Die kommandodagbestuur deel penkoppe, drawwertjies, Verkennerseuns en Verkennerdogters sover moontlik in afsonderlike spanne in waar dit prakties moontlik is. Normaalweg bestaan 'n span uit lede van dieselfde skoolgraad en portuurgroep.

b) Elke span kies vir hom 'n spannaam uit 'n naamlys wat vanaf die Voortrekkerdepot beskikbaar is. Geen twee spanne in 'n kommando het dieselfde naam nie.

c) Die kommandobestuur sien toe dat elke span 'n offisier het om die voorgeskrewe werk af te handel en sien toe dat jeuglede die vereiste standaard daarin behaal.

8.4.2 Veldkornetskappe

Die kommandodagbestuur groepeer die spanne van 'n kommando in funksioneel werkbare veldkornetskappe.

8.5 Jeugvriende

Die kommandobestuur koördineer jeugvriendaksies deur verantwoordelikheid vir take toe te ken.

8.6 Volwasse opleiding

8.6.1 Die kommandodagbestuur doen offisiersbegeleiding, veral van beginneroffisiere, en sien toe dat hulle indiensopleiding ontvang soos uiteengesit in hoofstuk 9 van die reglemente.

8.6.2 Die kommandobestuur sien verder toe dat al die volwasse lede die maksimum blootstelling aan kursusse en ander opleidingsgeleenthede kry.

8.6.3 Die kommandobestuur oorhandig die betrokke kentekens en sertifikate vir opleiding wat volwassenes deurloop het aan hulle.

8.7 Wisseling tussen Voortrekkerkommando's

8.7.1 Skakeling tussen kommando's

Wanneer 'n lid van een kommando by 'n ander in dieselfde dorp/stad wil aansluit, skakel die kommando's onderling om te verseker dat die samewerking en vriendskap tussen die kommando's nie versteur word nie en om te voorkom dat 'n probleem van een kommando na 'n volgende verskuif word sonder dat die nuwe kommando eers bewus is van die probleem.

8.7.2 Oorgaan van 'n span en sy offisier

Slegs individuele Voortrekkers kan van een kommando na 'n ander oorgaan. 'n Offisier en sy span gaan nie van een kommando na 'n ander een oor nie tensy die kommando's onderling daartoe ooreenkom en al die ouers in die saak geken is en daartoe toestem.

8.8 Heemraadslede

Die kommandobestuur sien toe dat heemraadslede deel vorm van die bestuur van die kommando. Heemraadslede aanvaar spesifieke verantwoordelikhede volgens die kommando se behoeftes. Verder verleen hulle aan die spanoffisiere hulp in die uitvoering van hulle taak.

8.9 Geld betaalbaar as lid

8.9.1 Vasstelling

Die kommandobestuur stel aan die begin van elke jaar die kommandoheffing vir die kommando vas wat saam met die ledegeld die registrasiegeld vir die betrokke jaar vorm.

8.9.2 Doel van kommandoheffing

Die kommandoheffing word gebruik om uitgawes te dek soos goedgekeur deur die betrokke kommandobestuur.

8.9.3 Ledegeld

'n Persoon wat nie sy ledegeld voor die sperdatum betaal nie, verbeur sy lidmaatskap as Voortrekker en kan nie verder aan Voortrekkeraktiwiteite deelneem nie.

8.9.4 Oorbetaling aan die gebied

Die ledegeld vir elke lid word voor die keerdatum aan die betrokke gebied oorbetaal.

8.10 Finansies

Die voorskrifte in hoofstuk 13 van die reglemente moet nougeset gevolg word.

8.11 Programme

8.11.1 Die kommandobestuur keur die jaarprogram van die kommando goed, voorsien of reël vir die befondsing daarvan en sien toe dat dit uitgevoer word.

8.11.2 Kommandojaarprogramme moet voorsiening maak vir deelname aan oord-, gebieds- en landwye aktiwiteite en moenie daarmee bots nie.

8.11.3 Die kommandobestuur keur alle spanprogramme goed en sien toe dat dit al die vereistes vir die betrokke graadwiel insluit.

8.11.4 Die kommandobestuur is aanspreeklik vir alle aktiwitiete in die kommando.

8.12 Toekennings deur die kommandobestuur

8.12.1 Inleiding

Die kommandobestuur sien toe dat lede wat daarvoor kwalifiseer die nodige toekennings ontvang. Sulke toekennings moet by 'n kommandobyeenkoms of afsluitingsfunksie of toekenningsaand oorhandig word om die maksimum blootstelling te verkry.

8.12.2 Getroue diens-kentekens

Die kommandobestuur ken getroue diens-kentekens toe ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 10 van die reglemente.

8.12.3 Erkenning van graadwielwerk en spesialisasies

a) Die kommandobestuur ken graadwiel- en spesialisasiekentekens toe ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 10 van die reglemente

a) Die kommandodagbestuur is verantwoordelik vir die inskrywing vir voorslagtoetsing van kandidate wat aan die vereistes voldoen, soos in die prospektus bepaal.

c) Die kommandodagbestuur is verantwoordelik vir inskrywing van kandidate wat aan die vereistes vir hoofleierswag of presidentVerkennertoetsing voldoen soos in die betrokke prospektus bepaal.

8.12.3 ABC toekenning

Die kommandobestuur ken ABC toekennings toe ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 10 van die reglemente.

8.12.4 Erkenning vir besondere diens

Die kommandobestuur beveel enige persoon of instansie aan vir toepaslike erkenning deur Die Voortrekkers indien daar voldoen word aan die vereistes van die betrokke toekenning wat in hoofstuk 11 van die reglemente omskryf word.

8.13 Kommandoverlof

Kommandoverlof aan volwasse lede kan toegeken word ooreenkosmtig die bepalings in hoofstuk 3, artikel 14.19 van die reglemente.

8.14 Jaarverslag

8.14.1 Elke kommando (veldkornetskap los van 'n kommando) doen jaarliks verslag van sy werksaamhede in die formaat wat die hoofbestuur voorskryf.

8.14.2 Die hoofbestuur bepaal die keerdatum vir die indiening van die verslag en kommando's moet dit voor dié datum by die betrokke oordleier en gebiedskantoor indien.

8.14.3 Die kommandobestuur is aanspreeklik vir die verslag en moet dit voor indiening goedkeur en ook aan die jaarvergadering voorhou.

8.15 Gebieds- en landwye aktiwiteite

8.15.1 Die kommandobestuur sien toe dat elke lid ten volle ingelig is oor alle gebieds- en/of landwye aktiwiteite wat aangebied word (byvoorbeeld kampe, saamtrekke, konferensies, kursusse) en moedig lede aan om daaraan deel te neem. Lede het 'n vrye keuse van deelname en 'n offisier of kommandobestuur kan nie besluit dat 'n lid nie daaraan

kan deelneem nie. 'n Kommandobestuur kan wel besluit of deelname 'n kommando-poging of individuele deelname is.

8.15.2 Die kommandoleier is lid van die betrokke oordbestuur vir sy termyn as kommando-leier.

8.15.3 Die kommandobestuur dien nominasies in van geskikte kandidate om op die oord-, gebieds-, en hoofdagbestuur te dien wanneer daartoe versoek.

8.15.4 Die lede van die kommandobestuur neem deel aan die stemming vir die verkiesing van die oord- en gebiedsleier wanneer daartoe versoek.

8.16 Simbole

Alle Voortrekkersimbole moet wyd maar beslis met die nodige eerbied en respek gebruik word in dokumente, pamflette, spandrag ensomeer. Die simbole van Die Voortrekkers moet nooit in die gedrang geplaas word nie.

8.17 Beleidsdokumente

Die kommandobestuur moet op hoogte bly van die beleid van die hoofbestuur wat deur die reglemente en nasionale prosedurese bekend gemaak word asook die gebieds- en oord-prosedures, en daarvolgens handel.

9. DIE SPANNE VAN 'N VOORTREKKERKOMMANDO

9.1 Span van jeuglede

9.1.1 Spanwerk is die basis waarop alle Voortrekkerwerk berus.

9.1.2 Spanlede moet sover moontlik maats wees in dieselfde skoolgraad en van dieselfde geslag.

9.1.3 Waar omstandighede dit noodsaak kan 'n span uit lede van albei geslagte bestaan. In so 'n geval moet die kommandobestuur hom vergewis dat daar nie verleentheid-situasies ontstaan nie.

9.1.4 Spanne behoort weekliks te vergader om die nut van die spanstelsel te ervaar.

9.1.5 Indien spanne anders as weekliks vergader, moet die span vooraf die goedkeuring van die kommandobestuur daarvoor verkry.

9.1.6 Spanoffisiere is verantwoordelik om toe te sien dat behoorlik beplanning vir spanwerk gedoen word.

9.2 Ampsdraers

9.2.1 Elke span en sy offisier staan onder toesig van 'n veldkornet of adjunkkommandoleier

9.2.2 Elke span word deur 'n spanoffisier gelei.

9.2.3 Elke span verkies 'n spanleier en 'n adjunkspanleier soos in die grondwet art 22.2.2 bepaal.

9.2.4 Wanneer 'n span tydelik nie 'n spanoffisier het nie, sien die spanleier saam met die veldkornet toe dat die voorgeskrewe graadwielwerk hanteer word.

10. ONTBINDING VAN 'N VOORTREKKERKOMMANDO

Wanneer 'n Voortrekkerkommando ophou om te bestaan moet die gebiedsbestuur toesien dat die voorskrifte in verband met ontbinding soos in hoofstuk 14 van die reglemente om-skryf, nagekom word.

11. SAMESMELTING VAN VOORTREKKERKOMMANDO'S

11.1 Twee of meer kommando's kan op een van die volgende maniere saamgroepeer tot een kommando:

11.1.1 kommando A word deur kommando B opgeneem;

11.1.2 kommando's A en B ontbind albei en 'n nuwe kommando C word gestig.

11.2 Die Adjunkgebiedsleier [Administrasie] en betrokke oordleier moet onmiddelik van enige voorneme om samesmelting in kennis gestel word.

11.3 Die gebiedsdagbestuur moet in oorleg met die oordleier bepaal of die voorgestelde samesmelting wenslik sou wees en die betrokke kommandobesture magtig om die saak met die ouers op te neem.

11.4. Voordat tot 'n samesmelting besluit word, moet die ouers van beide kommando's geraad-pleeg word en 'n voorgenome samesmelting kan slegs voortgaan indien die ouers van beide kommando's ten gunste daarvan is. So 'n opname kan gedoen word deur:

a) vraelyste aan alle ouers te besorg en op ‘n gegewe datum terug te ontvang waarvan die meerderheid ten gunste van ‘n samesmelting is.
b) 'n vergadering waarvan behoorlik kennis gegee is vir die doel te belê en die aanwesige persone van beide kommando's dan die kworum vorm. ‘n Meerderheid moet tot die voorgenome samesmelting instem.

11.5 Afsonderlike wettige vergaderings van die betrokke kommandobesture of 'n gesamentlike vergadering van beide kommandobesture, onderworpe daaraan dat 'n kworum van elke kommandobestuur teenwoordig is, moet finaal die samesmelting goedkeur.

11.6 By so 'n gesamentlike vergadering tree 'n dagbestuurslid van die gebiedsdagbestuur of die betrokke oorddagbestuur op wat nie aan een van die kommando's verbonde is nie.

11.7 Die kommandobesture besluit na oorlegpleging met die gebiedsdagbestuur oor die wyse waarop met die bates gehandel word.

12 ONTBINDING VAN VOORTREKKERKOMMANDO

Wanneer ‘n Voortrekkerkommando moet ontbind word daar opgetree ooreenkomstig die bepalings in hoofstuk 14 van die reglemente.